

Terug skool toe

Ons skole mag dalk effens anders lyk en voel, maar kom, laat ons kinders reg wees om veilig "in te gaan om te leer"!

Nuwe reëls en gedrag om ons almal veilig te hou.

Geagte Ouer

Welkom terug by die skool!

Ek weet dat baie van julle bekommerd is om julle kinders terug skool toe te stuur. Dis natuurlik vir 'n ouer om so te voel, veral gegewe die omstandighede waarin ons almal verkeer. Suid-Afrika kom te midde van die wêreldwye Koronaviruspandemie voor uitdagende tye te staan.

Mediese bewyse gee te kenne dat kinders nie in die reël betekenisvolle verspreiders van die virus is nie. Maar dit is belangrik dat daar baie streng voldoen word aan sekere veiligheids- en higiëneprotokolle en maatreëls soos fisieke afstand, die dra van maskers en die voortdurende reiniging van hande en oppervlaktes om leerders en onderwysers te beskerm. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement het 14 riglyne oor "Die beheer van Covid-19 by skole" opgestel om leiding aan skole te gee oor hoe om u kind en hulle onderwysers se veiligheid te verseker. Hiedie riglyne kan gelees word deur die volgende skakel te gebruik:

<https://wcedonline.westerncape.gov.za/back-school>

Onderwysers het 'n belangrike rol om te speel. Raak asseblief vertrouwd met hierdie riglyne en maak seker dat u die volgende "Vyf goue reëls" en gedragsveranderinge wat hulle in hulle skole gaan teëkom aan u kind oordra. Meer inligting kan lei na beter gedragsverandering wat goeie higiëne- en veiligheidspraktyke bevorder.

Die welstand van ons kinders in hierdie Covid-19-tyd verg per slot van rekening dat elke leerder en onderwyser aan hierdie veiligheidsriglyne en protokolle moet voldoen. Dis 'n spanpoging om te verseker dat ons kinders, hulle onderwysers en u gesin veilig en beskerm bly.

Dankie.

Brian Schreuder
Hoof van Departement

Die vyf goue veiligheidsreëls

- 1 Behou 'n afstand van ten minste 1,5 meter (twee armlengtes) van ander af weg.
- 2 Was jou hande gereeld met seep en water vir 20 sekondes.
- 3 Hoes of nies in jou elmboog of 'n sneesdoekie en plaas daarna die sneesdoekie in 'n drommetjie.
- 4 Dra 'n lapmasker op jou gesig om jou neus en mond te bedek.
- 5 Bly tuis as jy sleg voel.

Voor en op pad skool toe - moet leerders:

- Hulle hande was voor hulle hulle huise verlaat.
- 'n Masker dra.
- Ten minste 1,5 meter van ander mense af weg loop as hulle skool toe loop.
- Hulle hande reinig voordat hulle ingaan en nadat hulle van openbare vervoer afgeklim het.



By aankoms by die skool - moet leerders:

- Direk na die aangewese siftingsgebied gaan om gesif te word.
- 1,5 meter weg van mekaar staan as daar 'n tou vir sifting is.
- Die vrae wat aan hulle oor hulle gesondheid gestel word, beantwoord.
- Wag vir toestemming om die skool binne te gaan.
- Hulle hande ontsmet of was voordat hulle binnegaan.



Nuwe gedrag by die skool

- Leerders moet 'n masker in die klas dra.
- U kind mag gevra word om by 'n ander lessenaar te sit.
- Lessenaars sal een meter van mekaar gerangskik word.
- Skryfbehoeftes, sapbottels of kos mag nie met mekaar gedeel word nie.
- As leerders middagete geniet, mag hulle hulle maskers afhaal. Hulle moet dit by die bandjies afhaal en veilig op hulle lessenaars hou.
- Ons weet alle leerders is opgewonde om pouses saam met hulle maats te gaan speel, maar hulle moet onthou om hulle afstand te behou.
- Leerders moet samedromming in gebiede soos die toiletgeriewe vermy.



Maskers

- Alle leerders sal twee lapmaskers by aankoms terug by die skool gegee word.
- Leerders moet hulle hande was voordat hulle die maskers opsit.
- Monde en neuse moet bedek word.
- Leerders moet dit vermy om deur die loop van die dag aan hulle gesigte of maskers te vat.
- Haal die masker af deur slegs aan die rekbandjies te vat.
- Was jou masker in louwarm water en stryk dit elke dag.



Besoek <https://wcedonline.westerncape.gov.za/back-school> vir verdere inligting of video's oor sifting en leerderveiligheid in skole.

